# DIE WET INSAKE DIE AANVANG VAN DIE NASIONALISERING VAN ONDERWYSERSOPLEIDING

Dit gaan hier om die *Wysigingswet op die Nasionale Onderwysbeleid,* Wet 73 van 1969, wat beskou kan word as die aanvang van die nasionalisering van onderwysersopleiding in die Republiek.

Om hierdie wet in perspektief te plaas is dit nodig om die geskiedkundige agtergrond daarvan kortliks te skets, die inhoud van die wet in oënskou te neem, en die wet kortliks te beoordeel.

## 1. Die aanloop tot die wet

Daar moet teruggegaan word na 1910.

Om die ideaal van unifikasie te verwesenlik moes toegewings, onder meer op onderwysgebied, gemaak word. Hierdie toegewings het die kiem bevat van verdeelde beheer oor die sekondêre onderwys en het die deur geopen vir progressiewe verskeuring van onderwysersopleiding met die welbekende tydelike delegering van beheer aan die provinsies oor „. . . onderwijs, uitgezonderd hoger onderwijs . . ." [1] en die ontoereikende omskrywing van „hoger onderwijs".

Die provinsies het voortgegaan om hulle primêre onderwysers op te lei. Een van die redes hiervoor was die feit dat baie voornemende laerskoolonderwysers nie gematrikuleerd was nie,[2] sodat hierdie opleiding kort na 1910 — streng gesproke — nie hoër onderwys was nie. Met verloop van tyd is die toelatingsvereistes vir dié opleiding egter verhoog tot 'n Skooleind- of Matrikulasiesertifikaat en word dit onmiskenbaar hoër *onderwys.* Spoedig het sekere provinsies ook toenemend onderwysers vir sekondêre skole begin oplei en sodoende die terrein van die tersiêre onderwys progressief betree. Hiermee is ook die beheer oor die onderwysersopleiding verdeel, wat nie versoenbaar is met die eenheidsgedagte ingebed in die Zuid-Afrika Wet nie.[3]

Dit het spoedig duidelik geword dat hierdie onnatuurlike verdeling van die opvoedingspoging, eerder as om te ontwikkel in 'n nasionale tipe, die gevaar inhou dat die provinsies op onderwysgebied al verder van mekaar wegdryf.[4] Verskillende kommissies van ondersoek en ander instansies het dan ook sedert 1910 betoog dat daar 'n groter mate van koördinering van

die onderwys op nasionale grondslag tot stand moet kom. Volledigheidshalwe moet in hierdie verband genoem word die Jagger-kommissie (1916), die Hofmeyr-kommissie (1924), die Durbanse Konferensie (1924), die Onderwyskonferensie te Pretoria (1928), die Van der Horst-kommissie (1928), die Rooskommissie (1934), die Nicol-kommissie (1939), die Wilkes-kommissie (1946), die De Villiers-kommissie (1948) en die Interkerklike Komitee van die Hollands-Afrikaanse kerke (1955).[5]

Al die pleidooie van ongeveer vyf dekades het uitgeloop op die *Wet op die Nasionale Adviserende Onderwysraad,* wat op 28 Desember 1962 in werking getree het. Hiermee is die masjinerie geskep vir die koördinering van die onderwys en vir die daarstelling van 'n nasionale onderwysbeleid vir blankes in die Republiek. Na moeisame dog vrugbare oorlegpleging met die betrokke onderwysdepartemente en ander belanghebbendes by die onderwys het die Nasionale Adviserende Onderwysraad in 1965 die minister geadviseer aangaande die breë beginsels vir 'n nasionale onderwysbeleid, en die vrug hiervan was die *Wet op die Nasionale Onderwysbeleid* van 1967 asook die *Wet op Onderwysdienste* van 1967.

Met die implementering van genoemde wette word alle skoolonderwys vir blankes gaandeweg op 'n breë nasionale grondslag geplaas, is die verdeelde beheer op die gebied van die sekondêre onderwys opgehef — in soverre die administrasie van alle sekondêre onderwys (uitgesonderd gespesifiseerde spesiale onderwys) aan die provinsies gedelegeer is — en vorder landswye koördinasie van kurrikula, sillabusse, skoolplig (R.612 van 18 April 1969), die medium van onderrig (R.809 van 16 Mei 1969) en die intensiewe soeke na 'n effektiewe stelsel van gedifferensieerde onderwys vir die Republiek.

Met die *Wet op Onderwysdienste* (Wet 41 van 1967) is egter ook 'n heldere definisie van hoër onderwys gegee.[6] Volgens hierdie definisie ressorteer onderwysersopleiding onweerlegbaar ander hoër onderwys, en hiermee is die grondslag gelê vir die opheffing van verdeelde beheer oor en die nasionalisering van onderwysersopleiding, omdat dit voortaan 'n regeringsaangeleentheid is.

Op 23 April 1968 is 'n wetsontwerp, gegrond op aanbevelings van die Nasionale Adviserende Onderwysraad, gemaak na deeglike oorlegpleging met die belanghebbendes by onderwysersopleiding, ter tafel gelê, dog die volgende dag — vanweë klaarblyklike wydverspreide seksionele teenkanting — opge-

hef. Die onderwerp daarvan is vir ondersoek en verslag verwys na 'n Presidensiële Komitee onder voorsitterskap van dr. J. S Gericke.

Die komitee het sy opdrag met bekwame spoed uitgevoer, te wete om aanbevelings te maak oor 'n aanneemlike en uitvoerbare beleid en stelsel vir die opleiding van blanke onderwysers sodat:

(a) onderwysersopleiding landswyd gekoördineer en gestruktureer word;

(b) voldoen word aan nuwe omstandighede en vereistes en gelyke tred gehou word met hedendaagse denkrigtings en praktyke in verband met onderwysersopleiding ten einde te voorsien in die kwalitatiewe en kwantitatiewe behoefte aan onderwyspersoneel;

(c) die aansien van diegene wat in die onderwysberoep staan gehandhaaf en bevorder word; en

(d) die nadelige gevolge van oorvleueling uitgeskakel word.

Die komitee het aanbeveel: 'n professionele raad vir onderwysersopleiding; provinsiale adviserende komitees; plasing van opleiding van sekondêre onderwysersopleiding aan universiteite wat skakel met ander opleidingsinrigtings in 'n streek; adviserende komitees vir streke; en minimum tydperke van opleiding.[7]

Benewens die feit dat die voorgestelde professionele raad vir onderwysersopleiding by die hervormde Nasionale Onderwysraad geïnkorporeer is, is die aanbevelings in beginsel beliggaam in Wet 73 van 1969 *(Die Wysigingswet op die Nasionale Onderwysbeleid)*, wat die deur open vir die nasionalisering van onderwysersopleiding en vir die plasing van sodanige opleiding op 'n Christelike grondslag.

## 2. Die inhoud van Wet nr. 73 van 1969

Die onderhawige wet is 'n wysiging van Wet nr. 39 van 1967 en moet daarmee saam gelees word. Die hoofmoment daarvan kan soos volg saamgevat word.[8]

1) Ten einde die nodige voorsiening te maak vir die eventuele daarstelling van 'n nasionaal gekoördineerde stelsel van onderwysersopleiding, en sinkronisering van beleid t.a.v. onderwys vir die skole en beleid t.a.v. onderwysersopleiding te bevorder, is die eertydse Nasionale Adviserende Onderwys-

raad vervang deur 'n Nasionale Onderwysraad (art. 5). Hierdie raad moet enersyds die funksies van die vroeëre Nasionale Adviserende Onderwysraad in verband met beleid t.a.v. onderwys in skole verrig, en andersyds die funksies vervul van 'n professionele raad vir onderwysersopleiding. Met die oog hierop is bepaal dat minstens drie lede van die Uitvoerende Komitee van 7 lede aangewys word om hoofsaaklik sake rakende onderwysersopleiding te behartig, en dat 5 van die gewone lede op grond van hulle besondere kennis van onderwysersopleiding benoem word. Uit die fakulteit of departemente Opvoedkunde van universiteite moet 4 lede en uit die geledere van die universiteite nog een lid aangestel word. Twee lede word op aanbeveling van die onderwysersverenigings aangestel. Langs hierdie weg is verteenwoordigende professionele vakkundiges in die raad saamgetrek wat gespesialiseerde advies t.o.v. onderwysersopleiding kan gee, en is die hoofbelanghebbendes by onderwysersopleiding verteenwoordig in die liggaam wat die minister moet adviseer.

2) Tensy die minister, op advies van die Nasionale Onderwysraad, toestem tot 'n uitsondering kan die opleiding van blanke persone as sekondêre onderwysers slegs aan universiteite verskaf word (Art. 1. A.).

Opleiding van blankes as onderwysers aan primêre skole kan, soos tans, aan 'n universiteit of aan 'n kollege verskaf word — dog van 'n datum af wat die minister, bepaal moet daar tussen universiteite en kolleges noue samewerking t.o.v. opleiding van laerskoolonderwysers wees (Art. 1. A.).

3) Die wil tot nasionalisering spreek sterk uit art. 1. B., wat bepaal dat vasstelling van beleid t.a.v. onderwysersopleiding by die *minister* berus — na oorleg met die Administrateurs, die Komitee van Universiteitshoofde en die Nasionale Onderwysraad. Sodanige beleid moet egter geformuleer word binne die raamwerk van die volgende beginsels:

(i) Dit moet koördinasie van sodanige opleiding dwarsdeur die Republiek bewerkstellig;

(ii) die opleiding moet die onderwyser toerus om uitvoering te gee aan die beleid deur die minister bepaal binne die raamwerk van die breë beginsels neergelê in die wet — te wete dit moet Christelik wees, maar met eerbied vir die geloofsoortuiging van leerlinge en ouers, dit moet 'n breë nasionale karakter hê, die moedertaal moet as medium geld, dit moet effektief gedifferensieer wees en voorsiening maak vir voor-

ligting, dit moet landswyd gekoördineer wees, dit moet 'n plek aan die ouer in die stelsel gee, en dit moet amptelik erkende onderwysersverenigings in die beplanning erken;

(iii) daar moet landswye gelykberegtiging t.a.v. geldelike staatshulp vir opleiding wees;

(iv) daar moet voorsien word in die behoefte aan onderwysers;

(v) opleiding van sekondêre onderwysers moet minstens 4 jaar en van primêre en pre-primêre onderwysers moet minstens 3 jaar duur; en

(vi) die benaming van sertifikate wat uitgereik word moet dieselfde wees.

4) Koördinasie word voorts beklemtoon deur art. 1. B. (2) wat vereis dat 'n Administrateur, na oorleg met die Departement van Hoër Onderwys en die betrokke universiteit(e) in 'n streek soos deur hom bepaal, 'n adviserende en koördinerende komitee vir onderwysersopleiding moet saamstel op 'n wyse wat die minister sal voorskryf. Sodanige komitee voorsien die Administrateur, die betrokke universiteit(e) en die Departement van Hoër Onderwys van advies aangaande gekoördineerde onderwysersopleiding in die streek.

Ook kan die Administrateur provinsiale koördinasie bevorder deur die samestelling van 'n provinsiale adviserende komitee vir onderwysersopleiding. Indien so 'n komitee saamgestel word moet die betrokke universiteit(e), kolleges en erkende onderwysersverenigings in die provinsie ook daarin verteenwoordig wees (art. 1. B. (4).

Dit spreek vanself dat bg. gewestelike en provinsiale koördinasie geskied binne die koepel van nasionale beleid.

5) Werwing en keuring van persone vir toelating as studente tot kolleges berus by die instansie wat hulle in diens gaan neem, te wete òf 'n Administrateur òf die Minister.

6) Geen uitsluitsel word gegee aangaande die administrasie van geldelike steun aan studente nie. Dit is een van die aangeleenthede t.o. waarvan in terme van art. 1. B. beleid moet bepaal word — maar met inagneming van art. 1. B. (1) (c) (gelykberegtiging).

7) Die Minister verkry die nodige bevoegdheid om regulasies uit te vaardig wat die uitvoering van die bepalinge van die Wet in die besonder reël (art. 8. A.). Hierdeur word die nasionale karakter van die Wet verder onderstreep.

8) Die Minister kan van universiteite en administrateurs

dié inligting in verband met die uitvoering van die bepalings van die Wet aanvra wat hy nodig ag (art. 1. B. (7)), en hy kan 'n inspeksie van 'n skool of kantoor in 'n provinsie gelas om vas te stel in welke mate die algemene beleid i.v.m. onderwys uitgevoer word (art. (7)).

9) By beleidsbepaling t.o.v. onderwysersopleiding moet sodanig te werk gegaan word dat die onderwyspersoneel van kolleges nie wat salaris en ander regte betref daardeur benadeel word nie (art. 1. B. (1)).

### 3. Beoordeling van die wet

Hierdie wet kan tereg beskou word as die aanvang van die nasionalisering van onderwysersopleiding. Dit skaar die onderwysersopleiding onder die mantel van nasionale onderwys, want die regering spreek die laaste woord oor beleid en het die bevoegdheid om toesig uit te oefen oor die gekoördineerde uitvoering van daardie beleid.

Vanweë die oorkoepeling van onderwysersopleiding deur die algemene onderwysbeleid vereis die Wet noodwendig in die toerusting van die onderwyser ook die nasionale en die Christelike — met eerbiediging van die geloofsoortuiging van ouers en leerlinge.

Die Wet gee aan die georganiseerde onderwysprofessie seggenskap by die bepaling van beleid t.a.v. onderwysersopleiding — en ook algemene onderwysbeleid — en voorsien aldus in 'n lankgevoelde behoefte.

Dit trek op beleidsbepalingsvlak verteenwoordigers saam van al die belanghebbendes by onderwysersopleiding: universiteite, onderwysdepartemente en onderwysers.

Dit maak voorsiening vir gespesialiseerde aandag aan onderwysersopleiding enersyds, maar andersyds ook vir sinkronisering van onderwysersopleiding met skoolonderwys deur die Nasionale Onderwysraad wat die Minister adviseer oor albei aangeleenthede.

Dit erken in 'n mate dat onderwysersopleiding hoër onderwys is wat aan universiteite tuishoort, maar andersyds laat dit uitsonderings toe sodat hierdie beginsel nie suiwer deurgetrek word nie.

Die wet is slegs die beginpunt, want dit lê slegs beginsels van beleid neer. Oor die besonderhede van beleid en die implementering daarvan moet die Minister nog uitsluitsel gee na

oorlegpleging met die instansies in die Wet voorgeskryf. Hieroor kan in hierdie stadium slegs bespiegel word.

Die wet vertoon 'n ernstige leemte daarin dat dit nog nie alle onderwysersopleiding — wat in wese tersiêre onderwys is — plaas waar dit tuishoort nie, nl. aan die universiteite. Hierbenewens vertoon die wet 'n potensiële leemte in die gemis aan uitsluitsel oor die administrasie van geldelike steun aan persone wat as onderwysers opgelei word.

In sy geheel gesien is die wet die aanvang van die nasionalisering van die onderwysersopleiding — die pad vorentoe moet nou oopgetrap word. Dit kan moontlik 'n langdurige proses wees wat interessante wendings kan neem. Daar dien egter op gelet te word dat die verskillende instansies wat onderwysers oplei tans onrustig wag op besonderhede van beleid, en die gevaar bestaan dat 'n lang gesloer skadelik kan wees vir onderwys en volk.

P.U. vir C.H.O. S. J. Preller.

1 Vgl. art. 85 (iii) van die Zuid-Afrika Wet van 1910.
2 McMillan, R. G.: The education of the teacher, p. 8.
3 R.S.A. Verslag van die gekose komitee oor die onderwerp van die wetsontwerp op die nasionale onderwysadviesraad, p. 153.
4 Vgl. die verslag van die Jagger-kommissie.
5 Vgl. Hansard, 8 Mei 1969, kolom 5702.
6 Vgl. art. 44.
7 Hansard, 8 Mei 1969, kolom 5702—5704.
8 Vgl. ook Hansard, 8 Mei 1969, kolom 5708—5712.